## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

**Sondag:** Leah Engelbrecht, Arno Esterhuyse, Adri Smidt, Kallie Steenkamp, Christel Veldman.
**Maandag**: Lizelle Botha, Johan Bredell, Allen Morgan.
**Dinsdag:** Carine Barnard, Hannie Malherbe, Edith Oosthuizen.
**Donderdag:** Minnie Bentley, Mary-Ann Coetzee, Clara-Ann Esterhuyse, Paul Malherbe.
**Vrydag:** David Rainier, Hein Visagie.
**Saterdag:** Rita Labuschagne.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **Bankoffer** vir dankoffer tydens erediens **Dankoffer** vir maandelikse dankoffer.



## ONTMOET ONS KERKRAAD:

**Hennie Briedenhann**
**Kontak: hbriedenhann@gmail.com**
**Portefeulje: Eiendomme**

Die instandhouding van die kerkgebou en ons kerkgronde lê vir Hennie na aan die hart. Hy is self in die boubedryf en daarom gee hy waarvolle insette en sit self hand by. Hennie kan doen met ekstra hande - laat weet as jy deel van hierdie span wil wees.

**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646 hennie@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
**Selfoon:** 063 751 8171 (slegs vir Whatsapp-boodskappe)
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

**FAMILIENUUS** **SONDAG 22 JUNIE 2025**

### WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

### VANDAG IS DIE TWEEDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

09:00: SAMANTHA CHAMBERLAIN
SKRIFLESING: 1 KORITIËRS 12:12-31
TEMA: ELKE DEEL TEL

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

***Ds. Hennie is met verlof tot en met 7 Julie.***

# Kategese-afsluiting vandag!

## Vandag se Deuroffer — Nood in die gemeenskap

In gehoorsaamheid aan Christus se oproep om *sout vir die aarde* en *lig vir die wêreld* te wees (vgl Matt 5:13-14), is een van ons gemeente se bedienings-arms om ***Jesus se Liefde ook buite die Gemeente*** te bedien. As *dissipels van Jesus* is ons Sy getuies en Ligdraers oral waar ons ons bevind. Daar is egter ook plekke waar ons nie in die gewone gang van ons lewe kom nie, en ook waar daar minder christene is – daarom dat ons ook spesifieke projekte op sulke plekke van stapel (wil) stuur, en/of ondersteun.

Juis om nuut hieroor na te dink, word jy uitgenooi na 'n dinkskrum saam met die diensgroep vir Liefde na Buite op Maandag 28 Julie 2025, 19:00 in Familiekamer.

Hiermee saam het die Kerkraad 'n jaar of twee gelede besluit om 'n fonds in die lewe te roep wat gebruik kan word om hulp te verleen in die ongelukkige gevalle as daar skielike nood in die gemeenskap ontstaan, bv 'n brand of 'n vloed. **Vanoggend se deuroffer** word vir hierdie doel aangewend.

**Volgende week se deuroffer: Jeugwerk**

## Program vir die week

**Dinsdag:** 18:00 Diensgroep: Fondse vergadering
**Woensdag:** 19:00 Wynproe-geselligheid

**Aan al die kategese kinders**:
Dankie vir 'n baie lekker kwartaal!
Ons sal vir altyd DROOMLAND onthou.
Sien julle volgende kwartaal.
**Aan al die kategete**:
Dankie vir julle tyd en toewyding om die kategese aan te bied.





## Geestesgroei kleingroep vir jong werkendes

Ons is 'n groep jongmense wat tans Donderdae aande 19:00 by mekaar se huise byeen kom. Die groep bestaan uit jong werkendes tussen 25 en 35 jaar oud wat gerigde temas volg wat van toepassing is op persoonlike en interpersoonlike ontwikkeling binne 'n Christenkonteks. Ons tree as klankbord op vir mekaar, takel aktuele struikelblokke en vergroot ons portuursgeloofsgemeenskap. Indien jy meer wil uitvind of by by hierdie groep wil inskakel, kontak vir Naomi: WA 073 0909 851

Enige **sagte speelgoed en kinderboeke** wat rondlê in jou huis? Bring gerus na die Kerkkantoor vir die **kinders op Steinkopf**. 'n Besorgde gemeentelid sal dit aan daardie kinders besorg.

**Ondersteun asseblief Huis Marie Louw, Tehuis vir bejaardes.**
Verlede Sondag het ons heerlik gesmul aan die hoenderpasteie wat Huis Marie Louw se kokke vir ons voorberei het. Indien jy hulle graag wil ondersteun, kontak gerus vir Linda om van die produkte te bestel by 082 256 9615:
Hoenderpastei R215 * Lasagne R250 * Bobotie R250
(Genoeg vir 10 persone)
*Huis Marie Louw is 'n Tehuis vir bejaardes in Somerset Wes, onder die vlerk van die ACVV. Ons ondersteuning is vir hulle van onskatbare waarde.*

## HULP NODIG BY DIE TEHUISE OP 'N SONDAG



Ons het dringend hulp nodig by die uitsendings na die Tehuise op 'n Sondagoggend tydens die erediens. Laat weet asb. indien jy so nou en dan op 'n Sondag hiermee kan help

# WYNPROE-geselligheid

Kom geniet 'n aand in die geselskap van spreker en De Grendel-wynmaker, **Charles Hopkins**, met heerlike **winterskos op die spyskaart**.
Wyn sal te koop aangebied word en drie gaste sal bederf word met 'n gelukkige trekking.



**Kaartjies beskikbaar by die Kerkkantoor @ R320 per persoon.**
**Datum: 25 Junie om 19:00 in die kerksaal**
**Slegs nog 6 kaartjies beskikbaar**

## SIEN JY KANS OM NOG TE BREI?

Die Karoo is 'n pragtige plek, maar die winter kan soms genadeloos wees wanneer die temperature skerp daal. Indien jy dalk nog mussies wil brei, raak gerus betrokke by BE THE GOOD.
Hulle het 'n hartprojek van stapel gestuur om **musse te brei vir kinders in die Karoo.** U kan op twee maniere help:
1. **Brei 'n mussie of twee** – enige patroon, enige kleur. Al wat saak maak, is dat dit met liefde gemaak is en 'n kind warm sal hou.
2. **Borg wol** – as u nie self kan brei nie, is u welkom om enige wol te skenk.

Elke mussie sal aan 'n kind in Fraserburg en Williston gegee word wat regtig daardie ekstra warmte nodig het.
Bring asb. jou **mussies of handskoeke** na die kerkkantoor teen 21 Julie.